# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

4 September 2026
**NUUSBRIEF 27/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Atletiek:** Dit is 'n nuwe seisoen en ons atlete moet nou weer begin aantree! Mnr. Brink oefen tans op **Dinsdae** en **Donderdae** vanaf **16:00** tot **17:00** met die groep. Ons doen voorseisoen-aktiwiteite vir kondisionering. Atlete is reeds geïdentifiseer (volgens vorige prestasies) vir MOONTLIKE deelname aan die Top 10 byeenkoms wat teen **einde Oktober** plaasvind en hulle moet asb. gereeld kom oefen. Ander atlete is steeds welkom om te kom oefen, want ons berei voor vir die volgende seisoen. Atlete wat in velditems presteer moet ook kom oefen, aangesien beter tegniek (wat ons in die vierde kwartaal oefen) nie alleen bydra tot hul prestasies nie. Daar is baie waarde in kondisionering - vir ALLE items. Ouers moet asb. help en hul kind aanmoedig om die oefeninge by te woon. Ons het baie talent onder ons leerders, maar nie almal kies om dit te gebruik en ontwikkel nie. **Die eerste stap is om by oefeninge op te daag!**

2. **Sportfotos:** Let asb daarop dat die datum vir die neem van sportfoto's verander na **22 September.**

3. **Riversdal Ratem-Eisteddfod:** RATEM-eisteddfod is gedurende die laaste week van Augustus afgehandel en ons voordrag-uitslae was as volg:

**Graad 1 – 3:**

**Graad 1**
Goud Plus: Zayden-Leigh Jones
Goud: Paige Bester
Ayla-Rose Neethling
Hunter Teubes
Mea Linde

**Graad 2**
Goud Plus: Wian Fourie
Lira Kleinveldt
Goud: Juandré Rheeders

**Graad 3**
Goud: Leehani James
Liana Rheeders
Silwer: Nina Vermeulen
Jean-Nay Williams

**Graad 4 – 7:**



**Graad 4**
Silwer: Marlie Lombaard
Scarlet Visagie

**Graad 5**
Goud Plus: Else-Mari Fourie

Goud: Martiney van Staden
Lambert van Heerden
Billy Wilskut
Mirye van Dyk Eng.
Else-Mari Fourie Eng.

Silwer: A-Jay Tamboer

**Graad 6**
Goud Plus: Coralley Adams
Emily Schoeman
Zandria van Dyk Eng.

Goud: Peyton Kleinveldt
Emma le Roux

Silwer: Dee-Quin Tamboer
Danell Jeneke
Eldine Jumbo

**Graad 7**
Silwer: Carli de Wet

**Graad 8 – 9:**

**Graad 8**
Goud: Mia Kiewiet

**Graad 9**
Silwer: Ronaldo Williams

Baie geluk aan alle deelnemers. Julle was almal baie dapper en het baie goeie talent vertoon. 'n Spesiale gelukwense aan ons medaljewenner vir **beste optrede** in Graad 2, nl. **Lira Kleinveldt.**

4. **Uitkomtyd:** Skool kom op **Maandae om 14:00** uit. Dinsdae - Vrydae bly gewone tyd.

   Saalperiode verval by die HS omdat die matrieks in die saal eksamen skryf.

5. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 4 Sep | Gr.3 Fondsinsameling<br>Gr.6 Uitstappie |
| Do. 10 Sep | Gr.3 Uitstappie |
| Vr. 11 Sep | Swellendam Aflosbyeenkoms |
| Sa. 12 Sep | Juf Adéle le Roux verjaar<br>Juf Lizaan Coetzee verjaar<br>Rugby o.11 & o.13 (7's) te Paul Roos |
| Vr. 18 Sep | Gr.1 & Gr.2 Uitstappie<br>Langeberg Tennis Akademie |
| Sa. 19 Sep | Langeberg Tennis Akademie |
| So. 20 Sep | Juf Isabella October verjaar |
| Di. 22 Sep | Me Jamielee Fortuin verjaar<br>HSB Revue<br>Sportfoto's |
| Wo. 23 Sep | Gr.3 Entrepreneursdag<br>Skool sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



**Mnr. R. Olivier**
Skoolhoof

Blom waar jy geplant is!!